KOM! Word VOL! - GELOOFSREIS

SONDAG

Lees: Jesaja 55:1 - 13

Doen: Luister/kyk die week se preek saam met vriende/gesin/groep.

Gesels:

- Wat hoor jy in die gedeelte? Wat tref jou?
- Tel bietjie hoeveel keer die woord "KOM" herhaal. Waarom dink jy die opdrag/uitnodiging om te kom?
- Waarvan is die Nagmaal vir jou 'n teken en seël? Hoe kan dit 'n teken wees van God se uitnodiging?
- Lees vers 6. Wat hoor jy in hierdie vers?
- God nooi jou vandag weer uit - Hoe wil jy antwoord? Hoe help die teksgedeelte jou om 'n antwoord te gee?

Doen weer:

Bak brood saam as familie. Terwyl julle die brood bak gesels oor julle eerste Nagmaal ervaring of wat die Nagmaal beteken.

DINSDAG

Lees: Jesaja 55:1 - 13

Gesels:

- Wat hoor jy in die gedeelte oor God?
- Baie mense praat van God as 'n "Misterie". Wat dink jy daarvan?
- Lees vers 3 en 6. Al is God "'n misterie" wat ons nie altyd kan verstaan nie, is Hy steeds 'n God wat werklik intiem betrokke by jou lewe wil wees en is! Waar beleef jy iets van God se nabyheid tans in jou lewe?
- Vers 12 en 13 is vol pragtige beelde in die natuur - Waar sien jy die vreugde van die heuwels en berge en blydskap van die bome raak tans?

Doen:

Soek bietjie die liedjies "All who are thirsty" en die "Nagmaalslied". Kyk ook of jy die lirieke kan kry van albei liedjies.

Luister die liedjies saam of op jou eie vandag.

Dink bietjie na oor die volgende:
Hoe beleef jy in die liedjies weer God se uitnodiging wat jou uitnooi om te KOM?
Watter liedjie tref jou die meeste - hoekom dink jy so?

As jy DORS of HONGER is vandag kan jy ook met die liedjie antwoord deur die refreine jou eie te maak - "Come Lord Jesus Come!&"O Heer vergewe my...".

DONDERDAG
Lees: Matteus 26: 26-30

Gesels:

- Dink aan een of meer spesiale maaltye in jou lewe. Hoekom het die herinnering jou bygebly?
- Wat is die emosie wat hierdie teks by jou na vore bring. Hoekom?
- Verbeel jouself jy was by toe Jesus die Nagmaal ingestel het. Hoe lyk dit? Hoe voel dit om daar te wees? Watter vraag sou jy vir Jesus wil vra op daardie oomblik?
- Hoe sal jy die Nagmaal verduidelik aan iemand wat dit vir die eerste keer gaan gebruik?
- Dink aan 5 verskillende woorde wat Nagmaal beskryf.

Doen: Soek die 15 woorde en kyk of jy die boodskap kan kry.

J	E	S	U	S	N	O	O	I	J	O	U	K	O	M
V	E	R	N	I	E	T	W	O	W	R	D	V	O	L
V	R	E	U	G	D	E	N	H	A	D	X	G	A	C
N	L	H	N	A	X	A	E	X	T	U	O	W	N	F
R	Z	I	G	B	G	B	C	V	E	R	B	O	N	D
E	E	I	E	M	S	N	L	Y	R	B	X	Z	R	M
G	X	H	A	F	O	B	J	Y	D	O	R	S	H	B
N	O	A	L	Q	D	M	D	L	D	M	S	O	B	G
O	L	U	G	N	N	E	G	J	W	S	M	L	Q	Q
H	A	L	U	I	S	T	E	R	Z	G	K	R	R	A
F	M	K	F	M	V	T	D	V	K	O	T	A	T	L
W	Q	O	Z	I	P	K	M	W	C	E	X	L	P	M
E	Y	M	U	J	A	E	Y	B	Q	P	O	J	E	X
Y	E	N	Y	X	L	N	H	L	I	I	L	S	A	W
L	G	J	U	K	B	R	S	I	Y	P	H	O	P	X

BLYDSKAP	BROOD	DORS
HONGER	KOM	LIEFDE
LUISTER	MELK	NAGMAAL
SOEK	VERBOND	VERNIET
VREUGDE	WATER	WYN

_ _ _ _ _   _ _ _ _ _   _ _ _ _   _ _ _ _   _ _ _ _ _   _ _ _ _

SATERDAG

Lees: Jesaja 55:1 - 13

Gesels:

- Hoe het die stukkie jou die week gehelp om God raak te sien?
- Waar die week het jy beleef hoe God jou uitnooi om te KOM!?
- Het jy iewers die week kans gehad om te antwoord op die Here se uitnodiging?

Doen: Spandeer tyd saam met jouself/jou geliefdes en gesels met mekaar oor wat hierdie teksverse vandag vir julle beteken. Luister ook weer na die liedjies.

Neem 'n foto om die tema die week van KOM! Word VOL! die beste vir julle uit te beeld.